Bure reünie

Deur Stephanie Strydom

Beau Botha is ’n mooi man. So mooi dat hy die dominee se vrou afgevry het - ’n vurige rooikop. Ten spyte van die twintig jaar ouderdomsverskil tussen die twee. Agtien jaar later was hulle nog getroud.

Beau se unieke voorkoms herinner sterk aan Simson uit die Kinderbybel. Sy welige hare hang in die middel van sy rug. Die kunsledemaat is nie eintlik ’n mode-bykomstigheid nie Dit is die gevolg van te veel rook.

Ek is nie baie seker vir watse werk Beau opgelei was nie. Hy kon enjins opdoen, planters en stropers wat breek sweis en lyndrade regmaak. Hulle het in ’n gesellige plaashuis gebly net buite-kant die dorp.

Die hersaamgestelde gesin het selfs ’n kleinding opgelewer, ’n pragtige baba-dogtertjie.

Antoinette het haar storie geken : sy was ’n karate-kampioen en is ’n fundi van hoe om rande te rek. Sy was ook ’n goeie huisvrou en uitstekende kok.

Buurvrou Lilly het al haar dae gehad om vir Antoinette te probeer verduidelik dat sy tog nie vir Beau moet probeer slaan nie. Sy het gereken dat as hy net eers omval, dan sien sy kans vir hom. Die uitslag is elke keer dieselfde : sy storm op hom af en hy gee haar net een veeg en dan is die geveg oor.

Een warm November middag ontvang Lilly ’n benoude oproep van Leonie (Antoinette se oudste uit haar eerste huwelik): “Tannie, kom haal my asseblief my ma en oom Beau baklei verskriklik”. Lilly se eggenoot is dorp toe en haar gesonde verstand waarsku sy gaan haar nou vasloop in huismoles. So kom sy rukkerig in tweede rat op die werf aangery met haar 1200 Datsun.

Tot haar verstomming staan Beau buitekant die huis in ’n blou oorpak met die vier maande oue baba in sy arms. Lilly redeneer by haarself dat hy darem nie te gevaarlik kan wees terwyl hy die kind vashou nie. Sy stap in en roep na Leonie. . Beau het intussen ook nader gekom en sy hoor vlugtig Antoinette beskuldig hom daarvan dat hy na ’n ander vrouens kyk. . Toe vervies Beau hom en gryp Antoinette aan haar welige rooi kuif, Lilly roep na Leonie en hardloop vir die Datsun.

Later die middag bel Antoinette doodluiters en vra dat Lilly vir Leonie terugstuur huis toe saam met ’n trekker-drywer en die wa.

Intussen het Lilly se man besluit hulle liefde het “soos sout verslaan”, is hulle geskei en is sy terug dorp toe waar sy weer ’n nuwe begin moes maak.

’n Paar jaar later gaan sy oudergewoonte hare sny by haar gereelde haarkapper. Haar bril is af wanneer haar hare gewas word en sy herken nie vir Beau langs haar nie. Sy skuifel verby ’n paar harige mansbene en kyk verbaas op. Hy vertel joviaal dat sy dogter uit sy eerste huwelik vanmiddag trou en sy het hom gestuur vir ’n haarsny en snortrim. Selfs sy wenkbroue, neus- en oorhare word gesny. ’n Rukkie later kom tel Antoinette hom op, en die twee lyk … doodgelukkig.